**5 November** **Skrifgedeelte: Eksodus 33:1-23**
**Fokusgedeelte: Eksodus 33:7-11**

## God se onmiddellike teenwoordigheid!

Israel is op pad na die beloofde land, Kanaän, maar hulle sit in ’n groot penarie. God weier om verder saam met hulle te trek. Vanweë hulle ongehoorsaamheid deur hulle aanbidding van ’n goue kalf, het Hy Hom van hulle onttrek. Hy verwyt hulle (Eks 33:3): “Julle is so ’n moedswillige volk dat Ek nie sal saamtrek na hierdie land wat oorloop van melk en heuning nie, want dan verdelg Ek julle op pad daarheen.” Sy teenwoordigheid in hulle midde, bedags in ’n wolkkolom, snags in ’n vuurkolom, sal hulle op hulle reispad verder nie meer sien nie.

Toe die volk hierdie uitspraak van God hoor, was hulle almal in rou. Dit het hulle diep geskok. Hulle besef dat daar sonder God geen pad vorentoe is nie. Moses tree weereens in vir die volk by God. Hy slaan ’n tent buitekant die kamp op en noem dit die tent van ontmoeting. Hier ontmoet hy God direk, soos ’n man sy vriend. Hier pleit hy om genade, smeek hy God om teenwoordig te bly (vs 15): ”As U nie self saamgaan nie, moet U ons nie van hier af laat wegtrek nie.”

Dit is die genade wat elkeen van ons ontvang het toe Jesus Christus vir ons kom intree het. In Hom is God met ons, en deur sy Gees is God nou in ons teenwoordig – elke oomblik van ons lewens.

*Sing: Skrifberyming 2-6:5, 6, 7* *Ds. WGM Kotze (Rooihuiskraal)*